

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE ADMINISTRASIE VAN DIE BOEDEL

Soos reeds in die vorige artikel genoem, is die bereddeing van 'n boedel 'n baie tegniese administratiewe proses. Dit neem ten minste vier maande om 'n boedel af te handel maar indien probleme opduik kan dit selfs 'n paar jaar duur om die boedel te beredder. Die beredderingsproses lei dikwels tot baie frustrasie vir die erfgename omdat hulle nie altyd die proses verstaan nie. Sekere stappe moet egter gevolg word en die eksekuteur moet sekere pligte uitvoer. Hierdie prosesse is aan die verkryging van bewysstukke onderhewig en sekere wetsvereistes moet ook in die proses nagekom word.

Die proses van boedelbereddering

By die afsterwe van 'n persoon moet sy boedel aan die kantoor van die Meester van die Hoogeregshof gerapporteer word. Daarna sal die Meester 'n brief van eksekuteurskap uitreik waarna die eksekuteur gemagtig is om die boedel te administreer. Die volgende stap is dan dat 'n advertensie in 'n plaaslike koerant en ook die staatskoerant geplaas word waarin die oorledene se debiteure en krediteure versoek word om binne dertig dae vanaf die kennisgewing hulle skulde te vereffen of in die geval van krediteure, hulle eise teen die boedel in te dien.

Die eksekuteur sal nou al die bedrae wat aan die boedel verskuldig is invorder soos debiteure, beleggings en lewenspolisse. 'n Waardeerder sal ook aangestel word om roerende bates, onroerende bates en aandele te waardeer. Bates mag slegs verkoop word om skulde te vereffen of ook wanneer die erfgename daartoe toestem. Indien die boedel solvent en likied is kan die skulde betaal word. Indien die boedel solvent maar nie likied is nie kan daar met die erfgename gereël word om uitstaande skuld, soos byvoorbeeld verbande op eiendom, in hulle persoonlike hoedanigheid oor te neem sodat die bates nie verkoop hoef te word nie.

'n Likwidasië- en distribusierekening (L & D-rekening) moet binne ses maande na aanstelling van die eksekuteur aan die Meester voorgelê word waarin alle bates en laste aangetoon word en waarin ook aangedui word hoe die surplus tussen die erfgename verdeel gaan word. Hierdie verdeling geskied in opdrag van die testament of, in geval waar die oorledene sonder 'n testament gesterf het, in gevolge die Wet op Intestate Erfopvolging.

Wanneer die Meester die L & D-rekening ontvang sal hy dit bestudeer. As hy tevrede is moet 'n advertensie in 'n plaaslike koerant asook die staatskoerant geplaas word waarin aangedui word dat die rekening vir inspeksie beskikbaar is vir enige persoon wat daarin belang stel. Die rekening sal gewoonlik by die plaaslike landdroskantoor beskikbaar wees. Indien daar geen besware teen die rekening is nie kan erfposies aan erfgename oorbetal of oorhandig word. Nadat al die bates oorgedra is en die uitstaande skulde betaal is, kan die eksekuteur by die Meester aansoek doen om van sy pligte onthef te word en die boedel is sodoende afgehandel. Die eksekuteur neem sy fooie waarop hy eregtig is en alle oordragkoste word vereffen.

Al wat nou oorbly is dat die oorblywende gade 'n nuwe testament vir hom of haarself moet opstel.

Pligte van die eksekuteur

Die eksekuteur word deur wetgewing gedwing om sekere pligte op sekere tye uit te voer. Hierdie pligte behels die volgende:

1. Rapporteer die boedel aan die Meester deur die verskaffing van die sterfkennis, inventaris en testament asook die vorm vir aanvaarding van Eksekuteurskap. Versoek die aanstelling as eksekuteur (testamentêr of datief) vir die betrokke boedel. (In geval van 'n boedel wat kleiner as R50,000 is, word 'n ander prosedure gevolg as dié een wat hier bespreek word.)
2. Stel die waarde van al die bates in die boedel vas. Hou alle bewysstukke van hierdie waardes veilig en behoorlik geliaseerd.
3. Stel vas wat die laste van die boedel is nadat die tydperk van dertig verstryk het. Daar kan dan bepaal word of die boedel solvent of insolvent is. Indien die boedel insolvent is tree spesiale bepalinge in gevolge artikel 34 van die Wet op Administrasie van Boedels in werking.
4. Open 'n bankrekening by 'n Suid-Afrikaanse bank in die naam van die boedel as die kontant voor hande meer as R1,000 beloop. Daar kan ook 'n bykomende spaarrekening geopen word waarin surplus fondse geplaas kan word sodat dit intussen rente kan verdien voordat betalings gedoen moet word. Vaste deposito's van die oorledene hoef nie onmiddelik opgevra te word nie en kan so lank as moontlik daar gelaat word om nog rente te verdien.
5. Bepaal 'n gepaste manier om die boedel te likwideer. As daar 'n kontant tekort gaan wees moet daar met die begunstigdes gekonsulteer word.
6. Bepaal 'n gepaste prosedure om die boedel te administreer. As daar 'n kontant tekort gaan wees moet die erfgename weer eens gekonsulteer word.
7. Betaal al die uitstaande skulde nadat daar bepaal is dat daar nie 'n kontant tekort is nie en dat die boedel solvent is.
8. As die boedel insolvent is, tree op in terme van artikel 34 van die Wet op Administrasie van Boedels.
9. Stel 'n likwidasie en distribusierekening op en lê dit aan die Meester voor. Dit moet binne ses maande na die eksekuteursaanstelling gebeur. Indien daar nie grondige redes vir 'n oponthoud is nie kan die Meester die eksekuteur voor die hof daag om verantwoording oor die verdragings te doen. In uiterste gevalle kan die Meester selfs die eksekuteur van sy pligte onthef en 'n ander eksekuteur aanstel.
10. Kry toestemming van die Meester om te adverteer vir die inspeksie van die L & D rekening.
11. Betaal al die krediteure as hulle nie reeds betaal is nie en betaal of dra die legatiese en erfposies van erfgename oor.
12. Betaal die Meester se fooie.
13. Betaal die boedelbelasting, indien van toepassing.

14. Gee aandag aan die Meester se finale navrae soos deur hom versoek. Hierdie navrae behels gewoonlik bewys van advertensies wat geplaas was, sertifikaat van die landdros waarin bevestig word dat die L & D-rekening vir inspeksie beskikbaar was, bewys van betalings aan die Meester, bewys van betalings van krediteure se eise en erfgename se legate, bewys van aandele-oordragte, bewys van eiendomsdragte en die finale bankstaat.
15. Bekom die Meester se ontheffing. Wanneer daar aan al die vereistes voldoen is sal die Meester 'n ontheffingsertifikaat uitreik. Hierdie sertifikaat stel die eksekuteur in kennis dat die kantoor van die Meester geen verdere vereistes meer oor die betrokke boedel het nie. Die boedel is nou beredder en die eksekuteur kan sy vergoeding opeis.

Hierdie reeks artikels oor erfopvolging gaan binnekort in boekvorm gepubliseer word. Lesers wat in so 'n boek belangstel kan hulle name en kontakbesonderhede nou reeds aan Dr Philip Theunissen verskaf per e-pos by philip@computus.info en per faks of telefoon by (058) 3039640.

BETHLEHEM
Februarie 2005